Teksgedeelte: Esegiël 11 en 36:24-29

Teksvers: Esegiël 11:19-20

Tema: Lewe soos God wil, want God die Heilige Gees gee aan jou `n nuwe hart en `n nuwe gees!

Een van die mees ingrypende operasies waardeur jy as persoon kan gaan is `n hartoorplanting of –omlyning. Die wete dat `n ander persoon met jou hart in sy hande gestaan het terwyl jy niks daaromtrent kan doen nie, is `n wete wat mens in werklikheid ruk! Elke persoon wat `n hartoorplanting of –omlyning deurgegaan het waarmee jy dan ook kan praat, sal vir jou sê dat hy of sy as persoon baie verander het na die operasie. Hulle kyk anders na die lewe en dit wat eers prioriteit in hulle lewe was het nou plek gemaak vir dit wat werklik prioriteit moet wees!

As dit die geval is, waarom is ons dan so traak-my-nie-agtig wanneer ons daaraan dink dat God aan elkeen van ons en aan die kerk `n nuwe hart gegee het? Waarom het die feit dat God aan elkeen van ons `n nuwe hart gegee het, soms amper geen effek op my en jou lewe nie? En waarom sien ons nie dikwels hoe die kerk hierdie een hart en een gees uitleef nie?

Ons hoor in Esegiël 8-11 dat Esegiël deur die Heilige Gees meegevoer is en dat God aan hom sekere visioene gewys het. Hierdie visioene het almal te doen met die straf van God wat oor Jerusalem gaan kom weens die volk se ongehoorsaamheid. In die besonder hoor ons in hierdie gedeelte van Esegiël 11 hoe die inwoners van Jerusalem sê dat dié Israeliete wat in ballingskap weggevoer is, vol sonde is en dat dit oor hulle sonde is wat dié wat in Jerusalem agter gebly nou hierdie stad as besitting gaan kry.

Alhoewel Esegiël hierdie visioen sien van die mense in Jerusalem, word Esegiël na dié deel van die volk gestuur wat in ballingskap is. Esegiël moet hierdie boodskap, hierdie visioen, aan die Israeliete in ballingskap gaan bekend maak. Dit is vir hulle wat hy moet gaan sê dat die mense, wat in Jerusalem agter gebly het, verkeerd is en dat God hulle wat in ballingskap is weer gaan terugbring na Jerusalem toe.

Hier is `n paar dinge in hierdie visioen wat die mense in ballingskap in besonder moes geskok het! Die eerste wat vir hulle gesê word is dat God self vir hulle `n heiligdom gebly het. Die Israeliete het die oortuiging gehad dat die teenwoordigheid van die Here net in die tempel, in die heiligdom, gevind kon word en dat jy net naby aan God kan wees wanneer jy by die tempel is.

Wanneer hulle dus hoor dat God self vir hulle `n heiligdom gebly het en dat God dus die heeltyd by hulle was, was dit `n wonderlike boodskap waaroor hulle ontsettend bly sou gewees het! God se teenwoordigheid was dus nie net beperk tot Jerusalem nie, maar Hy was elke dag by die mense in ballingskap gewees, maak nie saak waar hulle is en waardeur hulle gaan nie!

Wat hulle egter nog meer moes geruk het, was hierdie woorde in vers 19: *"Ek sal hulle `n ander hart gee en `n nuwe gees onder hulle laat posvat, Ek sal die kliphart uit hulle liggaam verwyder en hulle `n hart van vleis gee."*

Dit moes hulle geruk het, want wanneer God dit deur Esegiël vir hierdie gelowiges in ballingskap sê, sê Hy dit vir hulle net nadat Hy vir hulle gesê het dat Hy hulle sal terugbring uit ballingskap uit en dat hulle dan al die walglike, afskuwelike goed in stad sal vernietig. Hierdie walglike, afskuwelike goed

verwys dan in die besonder na afgodsbeelde en tempels wat opgerig is in die tyd toe die volk in ballingskap weggevoer is. Hulle gaan terug gebring word uit ballingskap uit sodat hulle die stadrein kan maak.

Dit is juis om hierdie rede dat God vir hulle `n nuwe hart en `n nuwe gees gee. Ons sal graag wil dink dat hierdie nuwe hart of een hart (soos die OAV dit vertaal het) beteken dat elke persoon bekeer sal word. Tog word hier van net een hart gepraat vir die hele volk – die volk gaan dus `n hartsverandering ondergaan! Ja, elke persoon gaan `n nuwe hart ontvang, maar die hele volk saam gaan lewe soos God wil hê hulle moet lewe! Hulle gaan met die ou maniere breek en God werklik kan dien soos God wil hê hulle Hom moet dien!

Die volk se hart en gees gaan nie meer uitverkoop wees aan die afgode en hulle eie begeertes nie, maar hulle hart en gees gaan aan God en God se wil vir hulle lewens behoort! Juis om hierdie rede dat God daarna vir die volk bekend maak dat hulle dan volgens sy voorskrifte sal leef en sy bepalings sal nakom. Juis op hierdie manier gaan dit duidelik word dat hulle God se volk is en dat God hulle God sal wees.

"Hulle sal my volk wees, en Ek sal hulle God wees." Hierdie frase was `n herhaling van dit wat die Here vir Abraham gesê het toe Hy die verbond met hom gesluit het. God herhaal hierdie woorde hier, juis omdat Hy nou die tyd aankondig wat die nuwe verbond gaan aanbreek! God gebruik hierdie woorde om hier reeds te wys na die tyd van die nuwe verbond. Die tyd wanneer ons God in die Heilige Gees en in Waarheid gaan aanbid. Die tyd wat ons God nie meer in `n tempel of in `n kerkgebou gaan aanbid nie, maar wat God self as `n heiligdom by ons bly deur die Heilige Gees.

God gebruik hierdie woorde, hierdie belofte in Esegiël om ons vandag te wys na die tyd toe die voorhangsel geskeur het en die weg na God toe vir ons oopgegaan het. Die tyd toe Christus vir ons en in ons plek God se oordeel kom dra het, sodat ons weer uit die ballingskap van hierdie wêreld kan terugkeer na ons Vaderhuis toe. Deur Christus breek die nuwe bediening van die verbond aan waarin God vir ons Immanuel – God met ons – geword het en wat ons God se volk kan wees.

Juis dit is só wonderlik wanneer Christus kom, want met sy koms het hierdie woorde van vers 19 vir elkeen van ons en vir die kerk waar geword! Deur die Heilige Gees gee God aan ons `n nuwe hart en `n nuwe gees om God werklik te kan ken, om Hom werklik te kan aanbid! Aan elkeen van ons is `n nuwe hart en `n nuwe gees gegee, sodat ons saam werklik kerk kan wees. Ons het saam een hart en een gees gekry, sodat ons saam vir God en sy Koninkryk kan leef! Dit is juis hiervoor wat die Heilige Gees elkeen van ons leer en in die volle waarheid lei.

Sien, wanneer God aan ons, deur die Heilige Gees, `n nuwe hart en `n nuwe gees gee die dag wat ons tot bekering kom, kan ons weer lewe soos God wil hê ons moet lewe! Dan kan ons, soos Paulus ons leer in Romeine 7, die begeerte hê om God se wil te doen en teen die sonde stry! Wanneer God aan ons deur die Heilige Gees `n nuwe hart en `n nuwe gees gee, word ons werklik vrygemaak om radikaal anders as die wêreld te leef! Dan is ons heilig omdat die Heilige Gees in ons woon en daarom wil ons dan ook heilig lewe soos God heilig is.

Maar hierdie nuwe hart en nuwe gees wat aan ons gegee is, is nie net van toepassing op elkeen van ons persoonlik nie. Dit is veral van toepassing op ons as gemeente! Ons as gemeente en die kerk van die Here kry `n Goddelike hartoorplanting sodat ons een van hart en een van (G)gees sal wees. Dit

beteken dat ons as gemeente nie hier is om vir onsself te leef nie, maar hier is om God te eer en te dien in alles wat ons dink en doen en sê en beplan.

Wanneer ons kerk-wees vir ons gaan oor wat vir ons lekker is en wat vir ons tradisie is en wat vir ons gemaklik is, is ons juis besig om teen dit in te werk! Sien, God het hierdie nuwe hart en nuwe gees aan Israel van ouds gegee met `n sekere doel. Hierdie doel was dat die wêreld moet weet dat God die enigste ware God is en dat alles gebeur tot die eer van God.

En dit is ook vir hierdie doel wat God aan ons `n nuwe hart en `n nuwe gees gegee het: sodat ons Hom kan eer en sodat die wêreld kan weet dat God die enigste ware God is. Wanneer ons Kersmark hou en ons aktiwiteite vir volgende jaar beplan, wanneer ons as groepe saam besin oor die pad vorentoe en hoe ons in die gemeente gaan bedien is dit die doel wat ons voor oë moet hou: God het ons Sy volk gemaak, Hy het aan ons `n nuwe hart en `n nuwe gees gegee, sodat die wêreld kan weet dat Hy die enigste ware God is en sodat alles tot sy eer sal wees.

Gaan lewe hierdie nuwe lewe van jou Goddelike hartsoorplanting!

Amen.